



40 Dae met persoonlike oordenkings:

Die 40 dae proses in die gemeente is ook 'n geleentheid vir jou op persoonlike vlak om 'n eenvoudige ritme met God te skep om meer intensioneel te leef. Neem elke dag 10 minute en gaan rustig deur die volgende bewegings met die week se teks in gedagte. Die gelykenisse wil ons help om te beweeg van “dink” na “doen”. Een idee is om vir jou 'n notaboekie, joernaal of net notes op jou foon te gebruik om elke dag 'n paar notas te maak.

3 bewegings:

1. Kom tot rus;



2. Dink;



3. Reageer





Maandag 28 Augustus 2023:

Kom tot rus:



Kom tot rus in God se teenwoordigheid. Kyk of jy vir so 60 sekondes net doodstil kan sit, maak jou oë toe, maak jou asemhaling stadiger en "sit" net..... sit net en kom tot rus.

Dink:



Matt 25:40:

“Dit verseker ek julle, vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van my gedoen het, het julle dit aan my gedoen.”

Dink oor Jesus se boodskap dat Hy die voorwerp van ons medemenslikheid is – wat beteken dit vir jou?



Reageer:

Praat met God oor dit wat op jou hart is na jy die teks gelees en bedink het.



Dinsdag 29 Augustus 2023:

Kom tot rus:



Kom tot rus in God se teenwoordigheid. Kyk of jy vir so 60 sekondes net doodstil kan sit, maak jou oë toe, maak jou asemhaling stadiger en "sit" net..... sit net en kom tot rus.

Dink:

Matt 25:40



"Dit verseker ek julle, vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van my gedoen het, het julle dit aan my gedoen."

Dink oor wie die geringste in jou lewe is op die oomblik?

Reageer:



Waar moet jy medemenslikheid gaan leef?



Woensdag 30 Augustus 2023:

Kom tot rus:



Kom tot rus in God se teenwoordigheid. Kyk of jy vir so 60 sekondes net doodstil kan sit, maak jou oë toe, maak jou asemhaling stadiger en "sit" net..... sit net en kom tot rus.

Dink:

Matt 25:35&36



"...want ek was honger en julle het my iets gegee om te eet, Ek was dors en julle het my iets gegee om te drink, Ek was 'n vreemdeling en julle het my gehuisves, Ek was sonder klere en julle het my klere gegee, siek en julle het my verpleeg, , in die tronk en julle het my besoek."

Dink oor behoeftes in jou omgewing: honger, dors, alleenheid en siekte of enige iets anders waarvan jy bewus kan word.

Reageer:



Besluit om iewers spesifiek op een van hierdie behoeftes te gaan reageer.



Donderdag 31 Augustus 2023:

Kom tot rus:



Kom tot rus in God se teenwoordigheid. Kyk of jy vir so 60 sekondes net doodstil kan sit, maak jou oë toe, maak jou asemhaling stadiger en "sit" net..... sit net en kom tot rus.

Dink:



"The question is not, "What does your mouth say?" But, "What does your life say?" (John Ortberg)

Waar is dit vir jou moeilik om die geloof wat jy bely uit te leef?

Reageer:



Bid die volgende gebed: "Here, help my om U met my hele lewe te dien. Amen"



Vrydag 1 September 2023:

Kom tot rus:



Kom tot rus in God se teenwoordigheid. Kyk of jy vir so 60 sekondes net doodstil kan sit, maak jou oë toe, maak jou asemhaling stadiger en "sit" net..... sit net en kom tot rus.

Dink:



"This moment is God's irreplaceable gift to you. Most of all this is the moment that matters because this moment is where God is. If you are going to be with God at all, you must be with Him now – in this moment."

Ons verhouding met Jesus word ORAL in die lewe verteenwoordig – in plaas van om te wag vir eendag, wat beteken dit vir jou om hom nou te volg?



Reageer:

Maak 'n "commitment" aan die Here oor waarheen hierdie gelykenis jou beweeg en gaan deel dit met iemand naby jou.
